Voortrekkersweg 1050
Wonderboom-Suid
Pretoria 0084
Tel: (012) 335-6806
Fax: (012) 335-6587
Web: www.wonnies.co.za
E-pos: hswb@wonnies.co.za

Die Hoërskool Wonderboom

Wonnie-nuus

Algemene nuusbrief: 24 Januarie 2020

1. TOEGANG TOT DIE SKOOL

Weens die moeilike toegangsroete tot die skool, vra ons u as ouers se samewerking: Slegs Graad 12-leerders en Wonnieraadslede mag by die boonste hek afgelaai word. Alle ander leerders moet asseblief by die onderste hek afgelaai word.

Indien u, u kind by die boonste hek aflaai, gebruik asseblief die parkeerareas langs die pad en moet nie in die pad stop nie. Moet asseblief ook nie voor die hekke parkeer nie. Personeel moet steeds toegang tot die ingang hê.

2. KOMMUNIKASIE MET DIE SKOOL

E-POS:
Graag maak ons u bewus van die volgende kommunikasie-kanale wat u kan gebruik:

Afwesighede, detensie en gedragspunte	- admin@wonnies.co.za
Uitteken gedurende skoolure	- ontvangs@wonnies.co.za
Finansies (skoolfondsnavrae en bewys van betaling)	- finansies@wonnies.co.za
Finansies (agterstallige skoolfonds)	- invorderaar@wonnies.co.za
Skoolverlaters	- hbekker17@gmail.com
Sport	- marietteshrives@gmail.com
Bemarking	- bemarking@wonnies.co.za
IT	- support@liztec.za.net
Hoof	- hswb@wonnies.co.za
Akademiese navrae	- mcgeert@wonnies.co.za

D6-TOEP
U kan ook gerus gaan registreer op die D6 toep van die skool. Besoek die skool se webblad by www.wonnies.co.za en volg die skakel onder aan die bladsy om te registreer. Hier sal u inligting ontvang rakende die skool, maar ook inligting rakende u kind se gedrag en akademiese vordering.

WEBBLAD
Die skool se webblad is 'n groot bron van inligting. Die webadres is www.wonnies.co.za

FACEBOOK
U kan ook op die skool se facebookblad inskakel by Facebook: "Die Hoërskool Wonderboom".

3. DAGBOEKDATUMS

Teken gerus die volgende belangrike dagboekdatums aan:
27 Januarie: Groentjiekonsert (18:00) – Wonderboomsaal
28 Januarie: Groentjiekonsert (18:00) – Wonderboomsaal
30 Januarie: Oueraand vir Gr 10 en 11 (18:00) – Flambojantsaal
31 Januarie: Atletiek te Pretoria Noord



4. TENNIS

Elke Woensdag- en Donderdagmiddag is daar gratis tennisafrigting vir alle leerders wat wil tennis speel. Leerders moet net hulle rakette en tekkies onthou. Kontak gerus me. E Vorster vir meer inligting.

5. JUKSKEI

Baie geluk aan Inus Venter. Hy neem gedurende Desember as lid van die Gauteng Noord Span deel aan die SA-kampioenskappe, waar sy span 'n silwer medalje verower het! Hy is gekies vir die SA-Uitnodigingspan wat in die streekstoernooi gespeel het, en ook 'n silwer medalje verower het. Hy word dan ook gekies tot die SA A 0/19 Jukskei Seunsspan.

6. WONDERLIG

Gr. 9-leerlinge kry hierdie kwartaal geleentheid om die Wonderligsessies by te woon. Volgens die skoolkalender sou die sessies Woensdagoggende, voor skool, plaasgevind het. Aangesien daar nie meer Woensdagoggende voogperiode is nie, moet dit ongelukkig na Vrydagoggende toe skuif. Die eerste sessie vind op Vrydagoggend 31 Januarie, plaas.

7. BEHEERLIGGAAM

Kennis geskied weer hiermee rakende die Beheerliggaam-Tussenverkiesing wat plaasvind op 5 Februarie in die personeelkamer. Daar is drie ouerlede-posisies wat vakant is. Nominasie-vorms is in die algemene kantoor beskikbaar.

M LEZAR
SKOOLHOOF